# MAAGD VAN DIE SEE REEKS

## 3. Robyn uit die Paradys



MEIRING FOUCHE

# ROBYN UIT DIE PARADYS

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - PUBLISEERDERS

Strand Mews Strand

2025

# ROBYN UIT DIE PARADYS

Die voorblad illustrasie vir die Maagd van die See-reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

ROBYN UIT DIE PARADYS
deur Meiring Fouche

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Kaptein Simon Verbeeck, ’n man met ’n reputasie vir dapperheid, staan voor ’n raaisel diep in die Karibiese See. ’n Verlate eiland, ’n wapperende wit vlag en ’n spookagtige ontdekking, die geraamte van ’n man met ’n robyn so groot soos ’n droom en ’n dagboek vol geheime. Die “Paradys van Malu,” fluister die dagboek, ’n land van skatte en ’n vloek wat rus op almal wat daarna soek.

Juanita, ’n geheimsinnige skoonheid met ’n verlede so donker soos die see self, hou die sleutel tot Carlos se verlore paradys. Maar sy vrees die vloek, en haar lojaliteit is vertroebel. Intussen, Jeremia Hicks, ’n meedoënlose seerower met ’n hart so koud soos yswater, begeer die robyn en die legendariese skat. Verbeeck en Juanita ontsnap nouliks van Hicks se kloue, maar die kaart na Malu is gesteel, en Verbeeck word kort daarna deur Hicks gevangene geneem.

Sy aanhouding is haglik en ’n poging tot ontsnapping is maar net die begin van sy probleme. ’n Verminkte dienskneg genaamd Pinto, met ’n verlede so vol littekens soos sy liggaam self, word Verbeeck se enigste vertroueling. Saam smee hulle ’n riskante alliansie om die skat te vind, geregtigheid te laat geskied en Malu van die seerower se gierige hande te red. Hul soektog lei hulle na Sorina, ’n kluisenaar wat woon in die “Singende Rots,” die enigste persoon wat dalk die vloek kan breek.

Verbeeck se seereis is ’n groot waagstuk. Die vloek van Malu is tasbaar, seerowery lê oral in die loer en Juanita se motiewe bly ’n raaisel. Sal hy ooit die ware betekenis van die “Singende Rots” verstaan? En met soveel teen hom gestapel, wie sal uiteindelik oor die Paradys van Malu heers, en sal kaptein Simon Verbeeck sy pad terug vind huis toe? Berei jouself voor vir ’n epiese verhaal van gevaar, verraad en die soort liefde wat die vloek van ’n seerower kan trotseer. ’n Geheime paradys wag, maar die prys vir die betreding daarvan kan jou siel eis.

## UITTREKSEL

Simon antwoord nie daarop nie. Hy draai hom om en met sy breë, kragtige rug leun hy teen die drinkbank, stoot sy hoed met die veer daarin agter op sy kop en kyk na die toneel in ’n ver hoek van die drinkplek. Jeremia Hicks het gaan sit en op sy skoot sit seker die mooiste vrou wat Simon selfs in sy ervaringsvolle lewe nog gesien het. Die vrou op Jeremia Hicks se skoot is lank, slank en soepel. Haar oë is intens blou soos smarag. En haar hare is geelrooi en glansend soos ou koper wat deeglik opgevryf is. Haar boesem is vol en aanloklik en aan haar mond is daar iets sensueel wat die hart van selfs die mees geharde man vermurwe. Sy lag en sy soen vir Jeremia. Sy het haar arms styf om sy nek en hul liefkosing is so hartstogtelik en so wild dat dit Simon Verbeeck ’n bietjie walg.

“Bly hier,” sê hy vir Wilhelm Rieckert. “Ek wil ’n oomblikkie gaan praat met die skone Juanita.” Daar is ’n tikkie spot in sy stem.

“Versigtig!” waarsku Wilhelm. “Ons twee is alleen hier tussen die kaboedel. Hierdie hele plek is vol van Hicks se mense. En jy ken hulle.”

Simon Verbeeck se mondhoek trek net effens omlaag soos hy droogweg glimlag en toe regop en fors deur die gedrang in die rigting van die hoek stap waar Jeremia Hicks so skaamteloos vir Juanita liefkoos.

Simon Verbeeck het ’n koue gevoel in sy binneste toe hy daar by Hicks en Juanita vassteek. Hy druk met sy groot vuiste op sy heupe en hy kyk skerp na die pragtige vrou wat skielik stil geraak het en met nou, berekende oë na hom opkyk. Hy sien iets in haar wese sluimer wat hom terselfdertyd interesseer en ook ’n bietjie onrustig maak.

# 3. ROBYN UIT DIE PARADYS
## Hoofstuk 1
### WINKENDE VLAG

Reg ten suide van die eiland Barbados staan die groot spierwit seile van die Maagd van die See vol in die wind. Dit is ŉ vinnige, doelgerigte vaart sonder enige versuim, want skipper Simon Verbeeck is op pad huis toe. Die voorstewe van sy sierlike vaartuig staan reguit in die rigting van die Kaap die Goeie Hoop. Die neus van die Maagd van die See is reg op die groot Atlantiese Oseaan gerig, want na maande van avonture met seerowers is Simon Verbeeck op pad na Tafelbaai om sy vaartuig weer ŉ slag op te knap en vars voorrade in te laai.
ŉ Entjie voor hulle aan stuurboord lê ’n klein eiland, byna soos ’n speldeknop in die wye oseaan. Die twee manne in die kraaineste hou die see noukeurig dop en betrag ook die klein eiland, want hulle het baie streng bevel van Simon Verbeeck dat hy nie op ’n seerowerskip wil afry nie. Hy is voorlopig klaar met veg en hy wil ’n avontuurlose reis terug na Tafelbaai hê.
Die man in die voorste kraaines bring nogmaals die klein koper teleskoop voor sy oë. Eers het hy hom verbeel dat dit maar ’n geval is van sinsbedrog toe hy die beweging op die eilandjie gesien het. Maar nou dat hy noukeuriger daarna kyk, besef hy dat dit nie sinsbedrog is nie.
Hiervandaan, hoog teen die mas van die Maagd van die See, lyk daardie voorwerp soos ’n wapperende vlag. ’n Vlag op ’n klein eiland hier in die ruimte van die see? Tog ja, dit is iets wat skitter en wapper in die top van ’n yslike kokospalm.
Die uitkyk man ag dit gerade om wat hy gesien het, mee te deel. Hy ken die humeur van Simon Verbeeck wanneer die skipper ’n bevel gegee het en dit word nie stiptelik uitgevoer nie. En Verbeeck se bevel is dat enigiets, al is dit ook hoe gering, aan hom persoonlik gerapporteer moet word.
Daarom skreeu die uitkyk man na hulle wat op die dek werk. “Daar is iets op die eiland op stuurboord. Dit lyk soos ’n vlag wat daar wapper bo in ’n palmboom. Gaan sê vir die kaptein.”
Die inligting is nog skaars na benede geskreeu toe kom spring Simon

Verbeeck op die dek uit. Sy lang gestalte beweeg vinnig en doelbewus na die reling van die skip. Hy ruk sy groot teleskoop uit en betrag die eienaardige verskynsel op die klein naamlose eilandjie in die oostelike Karibiese See. Hier langs hom staan sy regterhand, Wilhelm Rieckert.
“Wat gewaar jy, Kaptein?” vra Wilhelm.
Hy sien hoedat Simon se mond verstyf. Hoedat sy wenkbroue na mekaar toe trek van die frons.
“Ek kan dit nie kleinkry nie,” sê Simon. “Dit lyk sowaar soos ’n vlag. Maar wie sou dan ’n vlag op hierdie eiland hys? ’n Wit vlag.”
“Nie dalk seerowers nie?” vra Rieckert met ’n laggie.
“Hoogs onwaarskynlik,” verseker Simon hom. “Dit lyk vir my na ’n klein, onbewoonde eiland.”
“Skipbreukelinge miskien?” vra Rieckert.
“Dit kan moontlik wees,” sê Simon en oorhandig die teleskoop aan Wilhelm. “Jy moet kyk wat jy kan sien,” sê hy.
Wilhelm Rieckert betrag die voorwerp lank en aandagtig. “Wel,” sê hy, “dit kan net een ding wees, ’n vlag.”
“Laat ons nader vaar,” beveel Simon. “Maak ’n paar kanonne gereed, vir geval van moeilikheid. Kry twee lang skuite gereed met ’n bewapende bemanning vir elk.”
“Gaan jy tog nie aan wal nie, Kaptein?”
“My liewe Wilhelm,” sê Simon. “Jy ken my mos as ’n nuuskierige man. Ek sal tog nie ’n vlag op ’n verlate eiland sien wapper sonder om ondersoek in te stel nie! Wie weet, dalk is dit skipbreukelinge. Dit is al wat ek kan dink wat dit kan wees.”
Hulle swaai die groot vaartuig in ’n wye draai in die rigting van die klein eiland. Hulle begin die diepte meet en hulle vaar versigtig. Voor die buitenste koraalrif om die eiland bring hulle die groot seilskip tot stilstand. Hulle laat sak die twee lang skuite en die gewapende manne spring vinnig daarin. Toe roei hulle met alle mag na die klein eiland.
Hulle is nog op ’n afstand daarvandaan toe Simon Verbeeck nog iets gewaar. Een kant op die wit strand lê ’n lang swart voorwerp, en toe hy dit deur sy teleskoop op die keper beskou, sien hy dat dit een of ander vaartuig is. ’n Eienaardige vaartuig. Van die soort wat die inboorlinge gewoonlik in hierdie geweste gebruik. Dit is ’n langerige kano-vormige skuit met ’n raamwerk aan die kant wat moet verhinder dat die skuit

omslaan in die branders.
“Dit is bepaald skipbreukelinge,” sê hy vir Wilhelm Rieckert. “Daar lê hul vaartuig.”
Toe die twee lang skuite met hul neuse in die wind in die wit sand vasloop, spring Simon Verbeeck en Wilhelm gelyk in die vlak water af, gevolg deur die klompie manne. Heel eerste stap hulle in die rigting van die vaartuig. Dit lê hoog en droog en omgekeer op die strand. Dit is al byna toe onder die sand. Dit is heeltemal duidelik dat hierdie vreemde vaartuig wat deur die water hier uitgeslinger is, al geruime tyd hier lê.
Simon Verbeeck kyk ’n bietjie verbaas daarna. Die vaartuig is nog in goeie orde, waarom sou dit dan hier so verlate lê?
Hy begin dadelik aanstryk in die rigting van die palmboom waaraan die wit vlag wapper. Hy kry ’n eienaardige gevoel toe hy, met Wilhelm hier langs hom, oor die sand weg stryk.
Dit is ’n hoë, buitengewone kokospalm waaraan die vlag wapper. Die manne praat nie een nie. Hulle kry die gevoel dat hulle hier met ’n geheim besig is wat hulle miskien diep sal raak.
Onder die kokospalm kom Simon en sy manne op ’n vreemde toneel af. Daar is ’n soort skuiling om die stam gebou, ’n ruwe skuiling van palmboomblare. Die skuiling is reeds byna heeltemal geruïneer. Wind en weer het dit verskeur en dit gebreek.
En binne-in die skuiling lê daar die wit gebleikte skelet van ’n groot, lang man.
Simon Verbeeck staar ’n tyd lank verbaas en verwonderd na die beendere van die vreemdeling wat op hierdie klein eiland sy dood kom vind het. ’n Klomp gedagtes flits deur sy brein. Eienaardige moontlikhede dring hulle aan hom op.
Maar waaroor hy hom die meeste verwonder, is die voorwerp om die man se nek. Simon gaan hurk daar en betrag dit aandagtig. Om die beendere van die gestorwe vreemdeling lê ’n pragtige, kosbare, goue kettinkie. En aan die kettinkie vas is ’n voortreflike dieprooi robyn wat agtkantig geslyp is. Dit is een van die grootste robyne wat Simon nog ooit in sy lewe gesien het.
“Waar sou dit vandaan kom?” vra Wilhelm Rieckert. “Waar sou hy so ’n robyn gekry het? Hy moes ’n besonderse man gewees het?”
“Ek kan jou sê waar hierdie robyn vandaan kom,” sê Simon Verbeeck.

“Dit kom uit die een of ander vorstehuis. Geen gewone persoon sou in staat wees om so ’n robyn te besit nie.”
Simon haal die goue kettinkie met die robyn daaraan versigtig tussen die beendere uit, hou dit in sy hand en toe hang hy dit om sy eie nek.
Dit is een van die manne wat nog iets ontdek. Aan die agterkant van die skuiling staan ’n ou rumbalie. Dit het ’n deksel op. Dit het weer en wind nogal goed getrotseer, want dit is in ’n redelik goeie toestand. Wilhelm Rieckert haal die deksel van die balie af en Simon Verbeeck kyk daarin. Daar is ’n paar patetiese persoonlike besittings in. ’n Mes, ’n dolk, ’n ou pistool en dan... ’n taamlike groot stuk perkament. Daarby ’n gansveer en ’n silwer potjie met ink.
Wat ’n merkwaardige man moes hierdie nie gewees het nie, dink Verbeeck toe hy na al die goed kyk. ’n Man met ’n robyn om sy nek, met ’n silwer inkpotjie en met ’n stuk perkament wat in ’n balie lê. Waar sou hy vandaan kom en waarheen sou sy reis gewees het?
Hulle haal die stuk perkament uit en Simon Verbeeck sien onmiddellik dat die skrif daarop in die vorm is van ’n dagboek.
Hy kyk heel eerste na die laaste inskrywing op die perkament. Dit is in ’n wankelende, moeë handskrif. Die woorde wat daar staan, is baie eenvoudig. “Vandag is seker die laaste dag,” het die vreemdeling daar geskryf. “Ek voel so swak dat ek omtrent nie meer my hand kan optel om hierdie te skryf nie. Vaarwel aan die wêreld waarna ek so gesoek het maar nie kon vind nie. Vaarwel aan die paradys van Malu wat ek verlaat het en wat ek nooit weer kon vind nie. Ek wou so graag...”
Maar verder het hy blykbaar nie gekom nie. Skynbaar het hy nog genoeg krag gehad om die perkament in die balie te sit en die deksel daarop te plaas. Toe het hy gaan lê om te sterf.
Vinnig lees Simon Verbeeck nog ’n paar grepe uit die dagboek.
“Ek kom van Barbados en ek vaar na die suide, maar ek het my rigting verloor omdat ek ’n slagoffer geword het van die vloek van Malu... Vervloek is hy wat soek na die skat van Malu... Tien maal vervloek is hy wat praat van die skat van Malu... Sterf sal hy wat die Paradys van Malu verlaat en na die groot wêreld buite gaan soek... ek wonder of Juanita na my verlang... Die see is so groot en so wyd... Ek wou nie luister nie, daarom is die vloek van Malu op my... Tien maal vervloek is ek omdat ek gepraat het van die skat van Malu... Juanita, my liefste

Juanita, ek sal jou nooit weer sien nie...”

Simon Verbeeck lees haastig verdere grepe uit die merkwaardige dagboek wat aanvanklik in ’n netjiese handskrif geskryf is en in ’n byna perfekte Spaans, en tog lyk dit nie vir hom soos die skelet van ’n Spanjaard nie. Hy het kennis van die dinge en hy is oortuig daarvan dat hierdie die skelet is van die een of ander inboorling. Maar watter inboorling sou so kon Spaans skryf en watter inboorling sou so ’n robyn om sy nek kon dra?

Juanita? Wie is sy? En die skat van Malu. “Wat vir ’n skat is dit? Die Paradys van Malu. Waar is dit geleë?” Dit is die vrae wat deur Simon Verbeeck se verbaasde gemoed stoot terwyl hy na die perkament staan en kyk. Hy is so haastig om alles daarop in te neem dat hy die perkament eindelik stadig omdraai.

En toe prik die skok deur Simon Verbeeck. Agter op die perkament staan ’n landkaart geteken. Deels is dit ’n landkaart en deels is dit ’n seekaart.

En toe hy noukeurig daarna kyk, gaan sy hande skielik aan die bewe...

Op die kaart word die posisie van sekere sterre aangegee. Daar is ’n sekere landstreek afgeteken en ’n sekere seegebied. Die sonrigting in die middel van die somer word daarop aangegee. Maar vir Simon is die streek ’n geslote boek. Hy kan nie uitmaak waar dit geleë is nie.

Maar wat hom die meeste interesseer, is dat die Paradys van Malu, soos die gestorwe vreemdeling dit noem, op die kaart aangedui word.

En dan word nog iets aangedui, iets wat die ervare seekaptein ten seerste interesseer. Naby die kus wat daar geteken is, is ’n klein stippel in die see.

Daarby staan in netjiese letters geskryf. “Die singende rots.”

“Die singende rots?” sê Simon Verbeeck hardop sodat Wilhelm Rieckert verbaas na hom kyk. “Die singende rots? Wat sou dit beduie?”

Verbeeck kyk na die skelet wat daar lê en hy wens die man kon net weer ’n paar woorde praat om vir hom te sê wat die geheim is van hierdie vreemde landkaart. Wat daar skuil in die Paradys van Malu en wat die singende rots beteken. Maar die skelet swyg, want die wit beendere is al byna onder die sand toegewaai.

# Hoofstuk 2
## JUANITA

Kaptein Simon Verbeeck en sy manne staan besluiteloos daar op die sand rond. Hulle het iets gevind wat hulle glad nie kan verklaar nie, wat hulle in alle rigtings laat dink en wat aan hulle die moontlikheid inhou van ’n groot avontuur.

“Wat gaan ons doen?” vra Wilhelm Rieckert toe hy en Simon opsy gaan staan.

Die groot donker seeman kyk na sy vriend. “As ek nie gaan uitvind wat al hierdie dinge beteken nie,” sê Simon, “dan is ek my naam nie werd nie. Hier kry ons ’n skelet met ’n robyn om sy nek. Ons kry ’n vreemde dagboek wat praat van ’n paradys en ’n verlore skat. Ons kry ’n aanwysing in verband ’n sogenaamde singende rots. Ons kry ’n landkaart wat die bloed van enige seevaarder prikkel. Hoe dink jy, Wilhelm Rieckert, wat gaan ons maak?”

“Daar is net een ding om te doen,” sê Wilhelm, “en dit is om te gaan uitvind. Maar hoe?”

“Ons sal dit van ’n kant af moet doen,” antwoord Simon. “Ons heel eerste taak is om uit te vind wie die skone Juanita is. Die vrou na wie hierdie swerweling so verlang het. Moontlik kan sy ons dinge vertel wat ons ’n nuwe aanduiding kan gee. Ek moet beken dat hierdie landkaart vir my nie veel beduie nie. Die kontrei waarna dit blykbaar verwys, ken ek nie. Maar ons sal dit wel uitvind, Wilhelm.”

Simon Verbeeck is ’n besliste man wat nie graag gras onder sy voete laat groei nie. Daarom draai hy in sy spore om en stap terug na waar die skelet lê en waar sy klompie manne dit nog steeds staan en betrag. Maar Wilhelm vat hom aan die arm.

“Daar is nog ’n ding,” sê Wilhelm. “Sal hierdie manne ons vergesel? Jy ken die bygelowe van die seeman beter as ek, Simon Verbeeck. En in daardie dagboek waarna ons so pas gekyk het, word ’n dubbele vloek uitgespreek. Vervloek is hy wat die Paradys van Malu verlaat, vervloek is hy wat soek na die skat van Malu. As die manne dit weet, dink jy hulle sal ons volg?”

“Dit sal die tyd ons leer, my getroue vriend,” sê Simon Verbeeck. “Ons kan nie nou daaroor redeneer nie. Die eerste wat ons nou moet doen, is